

# SKAAPBRANDSIEKTE

## Gereelde vrae en antwoorde

1. **Wat is skaapbrandsiekte?**

   Skaapbrandsiekte (ook bekend as brandsiekte) is 'n siekte wat veroorsaak word wanneer skape met Psoroptes ovis-myte besmet word. Die myte voed op die vel van die skape en veroorsaak jeukerigheid, korsagtige letsels en wolverlies.



2. **Hoekom is dit belangrik?**

   Skape wat met skaapbrandsiekte besmet is, ly aan erge jeuk en spandeer hul tyd om te krap wanneer hulle moet vreet en teel. Dit veroorsaak dat skape kondisie en wol verloor en die boer finansiële verliese ly. Erge besmettings kan selfs die dood van skape tot gevolg hê. Skaapbrandsiekte versprei maklik tussen troppe en het finansiële implikasies om te behandel, daarom is dit belangrik om uitbrekings te voorkom.

3. **Hoe kry skape skaapbrandsiekte?**

   Myte kan tussen skape versprei wanneer skape saam in 'n trop is of wanneer hulle weiding en voertuie deel of in dieselfde geboue as ander skape is. Myte kan ook van die skape afval en deur mense, op toerusting of in voertuie na nuwe troppe vervoer word.



4. **Hoe kan ek skaapbrandsiekte voorkom?**

   Inspekteer enige skape vir tekens van skaapbrandsiekte voordat jy dit koop. Sommige skape kan skaapbrandsiektemyte dra sonder om enige tekens te toon, so isoleer, dip of behandel al die nuwe skape twee keer 7-10 dae uitmekaar voordat hulle met die res van die trop gemeng word. Wees versigtig om toerusting, voertuie en personeel met ander skaapplase te deel. Verskaf skoon klere vir werkers om te gebruik en ontsmet enige toerusting wat van ander skaapplase afkomstig is.



5. **Wat moet ek doen as ek tekens van skaapbrandsiekte sien?**

   Enige toestand wat jeuk, skurfte en/of wolverlies by skape veroorsaak, is volgens wet aanmeldbaar. Stel u plaaslike staatsveeartskantoor onmiddellik in kennis en 'n amptenaar sal die kudde kom inspekteer en monsters neem om vas te stel wat die probleem veroorsaak.

6. **Wat sal gebeur as skaapbrandsiekte op my plaas gediagnoseer word?**

   Die staatsveearts sal ingelig word en die plaas in kwarantyn plaas totdat al die skape twee keer 7-10 dae uitmekaar met 'n doeltreffende dip- of



Laas opgedateer: Maart 2023



inspuitbare produk behandel is. Na behandeling sal die kudde geïnspekteer word om seker te maak daar is nie meer tekens van aktiewe besmetting nie waarna kwarantyn opgehef sal word.

7. **Kan ek die skape self behandel as ek dink hulle het skaapbrandsiekte?**

   Jy word deur die wet verplig om enige jeuk of wolverlies by skape by jou staatsveearts aan te meld. Hulle sal jou help om die probleem op die regte manier en so vinnig as moontlik te diagnoseer en te behandel. Sommige boere probeer self skaapbrandsiekte behandel met die verkeerde metodes of produkte en maak uiteindelik die probleem mettertyd net erger.

8. **Watter diere kan skaapbrandsiekte kry?**

   Skaapbrandsiekte myte voed slegs op skape. Ander diere kan die myte dra, maar word nie deur hulle gebyt nie. Bokke wat byvoorbeeld saam met 'n trop skape met skaapbrandsiekte woon, sal geen kliniese tekens van die siekte toon nie, maar moet gedip word om enige myte wat hulle kan dra dood te maak. Skaapbrandsiekte besmet nie mense of enige ander soort huisdiere of vee nie.

**KONTAKBESONDERHEDE:**

| TITEL | KONTAK NR | E-POS | ADRES |
|---|---|---|---|
| Staatsveearts: George | 044-803-3771/0 | SVGeorge@ westerncape.gov.za | 4 Varing Avenue, George |
| Staatsveearts: Boland | 021-808-5028/ 5253 | SVBoland@ westerncape.gov.za | Western Cape Department of Agriculture building, Muldersvlei road, Elsenburg |
| Staatsveearts: Swellendam | 021-808-5059/ 028-425-4850 | DOA.svswellendam@ westerncape.gov.za | 67 Voortrekker St, Swellendam |
| Staatsveearts: Beaufort West | 023-414-9220/1 | DOA.svbeaufortwest@ westerncape.gov.za | Blyth St, Beaufort West |
| Staatsveearts: Vredendal | 027-201-3514/-0 | DOA.svvredendal@ westerncape.gov.za | Cnr Matzikama and Noord St. Vredendal |
| Staatsveearts: Malmesbury | 022-433-8915/0 | DOA.svmalmesbury@ westerncape.gov.za | Cnr Spoorweg and Munisipale St, Malmesbury |
| Staatsveearts: Oudtshoorn | 044-203-9443/5 | DOA.svoudtshoorn@ westerncape.gov.za | 43 Van Der Riet St, Oudtshoorn |
| Staatsveearts: Worcester | 021-808-5052 | DOA.svworcester@ westerncape.gov.za | 30 Van Arckel St, Worcester |



**Laas opgedateer: Maart 2023**